Tiende Straat
Menlopark
0081
Tel: 012 460-7201
Faks: 012 460-2304
menlolaer@menlolaer.co.za
www.menlolaer.co.za

Beste Ouers

**SILVER LAKES-BUSROETE – Maandae tot Vrydae**

Dit is vir ons 'n voorreg om aan te kondig dat die "Silver Lakes"- busroete van Laerskool Menlopark, vanaf 31 Oktober 2022 in gebruik sal wees. Ons bring graag die volgende inligting hieromtrent onder u aandag:

**1. Beplande roetes en tye:**

Die beplande vertrektye moet nougeset nagekom word – indien u kind laat is, gaan hy/sy ongelukkig die bus verpas.

**MAANDAG- TOT VRYDAGOGGENDE NA DIE SKOOL**

| **Optelpunt** | **Wees gereed by optelpunt** | **Bussie vertrek na skool** |
|---|---|---|
| We Buy Cars Silver Lakes (Ons het 'n veilige optelpunt binne die perseel van We Buy Cars Silver Lakes met 24 uur sekuriteit) | 06:25 | 06:40<br>Wag dus vir 15 min. |

**MAANDAG- TOT DONDERDAGMIDDAE VANAF DIE SKOOL (10de Straat Menlopark)**

- **Die personeellid aan diens sal verseker dat leerlinge vertroud is met die vertrekarea en kontroleer dat leerlinge wel op die bus is.**

| **Bussies se vertrektye** | |
|---|---|
| Leerders gereed @ **13:30** | Bussie vertrek vanaf skool @ **13:40** |
| Leerders gereed @ **15:30** | Bussie vertrek vanaf skool @ **15:40** |

**Elke kwartaal se buitemuurse program sal in ag geneem word met die vertrektye, dus kan daar potensieël 'n derde vertrektyd bygevoeg word indien nodig.**

**VERTREKTYE OP VRYDAGMIDDAE VANAF DIE SKOOL (10de Straat Menlopark)**

| | |
|---|---|
| Leerders moet gereed wees @ **13:30** | Bussie vertrek vanaf die skool @ **13:40** |

**2. Kostes**

2.1 Die **bedryfskoste** is vooruitbetaalbaar en wel volgens een van die opsies hieronder:

- 'n maandelikse betaling van R 1 350.00 vooruitbetaalbaar op die eerste dag van elke maand vir 12 maande; **of**
- Vier kwartaallikse betalings van R 4 050.00 elk, betaalbaar op die 1ste dag van elke kwartaal; **of**
- 'n Eenmalige jaarlikse betaling van R 16 200.00 betaalbaar op die eerste dag van die eerste kwartaal.

**Korting** vir gesinne met meer as een leerling

- Tweede leerling – R 1 250.00 per maand
- Derde leerling – R1 200.00 per maand

**Koste vir Desember 2022 is slegs R600 per leerling.**

2.2 Elektroniese betalings kan soos volg gemaak word – let op die korrekte bankbesonderhede en verwysing:

**Bankbesonderhede**

**Rekeninghouer:** Laerskool Menlopark
**Bank:** ABSA
**Rekeningnommer:** 540 540 020
**Verwysing:** Familiekode + P778

**Bewys van betaling:** finansies@menlolaer.co.za

**3. Vrywaringsvorm**

Maak seker dat u kind se vrywaringsvorm volledig voltooi is. Hy/sy sal nie toegelaat word om op die bus te klim daarsonder nie.

**4. Kontakpersoon by die skool: Anja Van Huyssteen – 083 639 7240**

**5. Onderneming**

Voltooi asseblief die aangehegte onderneming en stuur terug aan mev. Mariette Meyer in die finansiële kantoor of e-pos na: finansies@menlolaer.co.za.

Menlo-groete

MNR. GERHARD PIETERSE
HOOF